*Donderdag* **29 Mei**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-7**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:3**

**Geloof oortuig ons dat God deur sy woord die wêreld geskep het**

Wat God oor sy skeppingswerk deur sy woord geopenbaar het, moet in die geloof aanvaar word. Die klem val nie op wat geloof is nie, maar wat geloof bewerk.

In Hebreërs 11 sien ons hoe die krag van die geloof in die lewe van geloofshelde na vore gekom het. Deur die woord en getuienis van die Heilige Gees was hulle geloof ’n drywende krag. Hulle geloof het hulle aangevuur om, teen alle menslike verwagtinge in, steeds te volhard. Hulle was seker van die dinge wat hulle gehoop het. Hulle was oortuig van die dinge wat hulle nie gesien het nie. Deur swaarkry heen het hulle op God en sy beloftes vertrou.

By Abel staan die eenheid van offer en geloof op die voorgrond. By Henog is sy omgang met God en God se welbehae in ’n mens op die voorgrond. By Noag was God se woord rigtinggewend, vermanend en lewewekkend. Hy het bly glo, al het die mense hom gespot. Sy gehoorsaamheid aan die woord veroordeel die wêreld. Hy word ’n erfgenaam van geloofsgeregtigheid.

Net soos ons, was hulle onvolmaak. Slegs Jesus Christus was volmaak aan ons Vader gehoorsaam. Hy is die Begin en Voleinder van ons geloof. Deur sy Gees en Woord maak Hy ons meer en meer gehoorsaam.

Geloof in God se woord is ’n dinamiese krag wat ons aanspoor tot goeie werke, volharding en ’n lewende hoop op ’n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis (1 Pet. 1:3-5). So rig geloof (hoop) ons op die heerlike toekoms wat nou nog onsigbaar is. Geloof bewys ons dat die onsigbare ’n werklikheid is (bestaan reeds). So oortuig die Heilige Gees ons, bewerk Hy sekerheid sodat ons aan die Woord vashou, al gaan dit teen die menslike verstand in.

*Sing: Psalm 33-1:2, 5, 6*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*